

Van die lessenaar

Die bohaai rondom die Amerikaanse teenstortingswette kan maklik verduidelik word:- dit gaan alles oor kostes en in beginsel staan ons nie terug nie.

Liewe Leser

Die laer mielierys het 2015 darem met een positiewe gebeurtenis laat begin. Ons wil almal graag 'n lewendige ekonomie hê en met volharding sal ons die vrugte pluk. Ek wens julle almal 'n suksesvolle 2015 toe, beide op 'n persoonlike en besigheidsvlak. Ek wens ook aan Eskom alle geluk toe want dit blyk dat net geluk ons van 'n elektrisiteitsramp kan red.

SAOG Vervaardigersforum

Die tweejaarlikse vergadering van die vervaardigersforum van die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (SAOG) is verlede maand in Lusaka gehou. Die kantoor van Heiko Koster het daarin geslaag om 'n afvaardiging van Tanzanië daar te kry en ons is geleidelik besig om die omvang van dié liggaam te laat groei. Die doel is om areas te vind waar ons kan saamwerk ter voorbereiding van die plaaslike integrasie wat deur die regerings van die 15 lidlande beplan word. Al ons bure het een ding in gemeen: 'n kleiner mark wat hulle ekonomiese groei deur grootskaalse vervaardiging beperk. Voeg die oesbeperkings op geneties veranderde organismes daarby en 'n mens kan maklik sien hoekom ons as die ouer boelie-broer gesien word.

Zimbabwe wêreldwinkel

Die SAPV is uitgenooi om by die Voedsel- en Landbou-organisasie en die Internasionale Eierstigting ('n ontwikkelingsvleuel van die Internasionale Eierkommissie) aan te sluit en te help met 'n wêreldwinkel in Zimbabwe. Daar is boeiende inligting oor die gedrag van die eierverbruikers in Zimbabwe ingesamel en 'n verslag sal vroeg die jaar daarvoor gelewer word. Die mees bruikbare insig is moontlik dat die lot van die Zimbabwese kleinboere maar min verskil met dié van die Suid-Afrikaanse kleinboere. Dit is toegang tot redelike pryse vir ordentlike insette, toegang tot markte en integrasie met die grootskaalse vervaardigers. Hulle ekstra 14 jaar van vryheid van 'n minderheidsregering en hulle herverdelingsbeleid het maar min gedoen om die kleinboere toegang tot die hoofstroom te gee. Ons sal probeer om van die lesse in ons Transformasiekomitee te gebruik.

Handel

Baie van julle het seker die persverslae gelees oor Amerika se jongste veronstskuldigings oor die teenstortingstariewe teen hulle hoender aan-die-been-porsies. Ons glo aan vrye handel en hoop ook dit is duidelik. Waar ons van die meeste in- en uitvoerders verskil is dat ons glo dat handel net vry is as dit ook billik is. In weklikeid is storting net 'n nuwe vorm van koloniale onderdrukking van die armes, want dit weerhou werk van plaaslike nywerhede. Dit lyk nie asof die ontwikkelde wêreld enige morele bedenkinge oor sulke misbruikende gedrag het nie.

Die teenstortingstariewe teen Amerika geld slegs vir hoender aan-die-been-porsies, hoewel dit blyk dat die media die lys van produkte heelwat uitgebrei het. Ons is bereid om toegewings te maak oor die tariewe (deur 'n volume-gebaseerde kwota wat sal help met die hernuwing van die AGOA-vedrag wat verskeie Suid-Afrikaanse nywerhede bevoordeel), maar ons is nie bereid om die teenstortingstariewe te laat vaar nie. Amerika het 14 jaar gehad om hieroor by die Wêreld Handelsorganisasie te kla as hulle gedink het hulle het rede daartoe. Hulle het dit nie gedoen nie en nou probeer hulle om die regulasies agterlangs te omseil. Hoewel Amerika dit sal probeer betwis, het China soortgelyke belasting wat op dieselfde ekonomiese model gegrond is. Dit is heel eenvoudig: neem 'n appel wat R2 kos om te koop en sny dit in die helfte. Die meeste mense sou sê elke helfte kos R1, maar die Amerikaners gebruik kreatiewe rekeningkunde en sê dat die een helfte R1,50 kos en die ander helfte 50c om te vervaardig. Dit is natuurlik nie die geval nie. Niemand het 'n probleem

as die waarde van die een helfte van die appel groter is as die ander helfte nie. Al waaroor ons kla is dat beide helftes dieselfde onkoste het. 'n Heel hoender kom vóór hoederporsies. Porsies behoort per kilogram meer as 'n heel hoender te kos omdat dit meer werk is om 'n hoender op te sny. Ons teenstortingstariewe is op betroubare rekeningkunde en gesonde verstand geskoei. Dit lyk asof dit die Amerikaners ontstel.

Die handelsaksies van die Europesie Unie gaan steeds voort. Die onverwagse uitbreek van voëlgriep en daaropvolgende verbod op die invoer van dieselfde drie lande teen wie ons invoertariewe wil instel, gee ons 'n bietjie meer tyd om die beste oplossing te vind. Die Internasionale Handelsadministrasie-kommissie (Itac) het bevestig dat maatskappye uit die Verenigde Koninkryk, Nederland en Duitsland produkte in Suid-Afrika stort, maar ons glo tog dat die waarde van die storting nie behoorlik vasgestel is nie.

Die hofsaak waarna ek verlede maand verwys het is deur die in-en uitvoerders teruggetrek. Hulle noem die voëlgriep-uitbraak as rede, maar ons glo dit is nie al wat fout was met hulle eis nie. Maar moenie bang wees nie, hulle sal wel weer 'n eis instel. Hulle beweer nou die minister van Handel en Nywerheid het geen reg om die maatreëls wat hy ingestel het op te lê nie. Die saak sal vroeg vanjaar aangevoer word.

Die invoerbedryf is duidelik baie winsgewend as hulle soveel wetlike uitdagings teen ons aksies kan rig. Dit beteken egter dat ons bykomende befondsing van braikuikenlede moet kry om die oor die algemeen valse bewerings, teë te werk. Dit is duidelik dat die invoerders aanstoot neem teen die idee van regverdig mededinging – teenstortingstariewe is bedoel om dinge te verbeter en is nie 'n strafmiddel nie. Hulle maak dikwels asof ons die boelie is en hulle die slagoffers, maar die feite is duidelik: hulle is die boelie en ons die slagoffers. Eenvoudig gestel: elke 10 000 ton invoere is gelyk aan 1 100 direkte en indirekte verlore werksgeleenthede in Suid-Afrika. Baie geleenthede vir 'n beter land gaan deur hul dade verlore.

Braikuiken-sake

Die jongste nuus oor die pekelwater-sage is dat die verwagte vergadering met die Department Lanbou, Bosbou en Visserye oor die voorgestelde regulasies, van verlede jaar af na dié jaar uitgestel is. Ons sien uit na verdere betrokkenheid, selfs al vind die Vereniging vir Vleis-invoerders en -Uitvoerders sinvolle oplossings gruwelik. Ons verbruikerstudies oor pekelwater sal vroeg volgende jaar afskop om meer feite oor dié sage in te vorder. Terwyl ek versigtig is om voorspellings oor die uitkoms te maak, wys die feit dat verbruikers lief is vir individuele gevriesde porsies vir my dat dit 'n produk is wat Suid-Afrikans nodig het en ook wil hê.

Eiersake

Die Eierkomitee het 'n spesiale vergadering gehou om die uitkoms van die plaaslike vergaderings te bespreek wat deur Robin Barnsley gefasiliteer is. Die hoofuitkoms is dat die vereiste van lede meestal dieselfde is soos wat vroeg in 2014 deur Masanda gedefinieer is. Dit blyk dat ons vashaak met hoe om die wense in bekostigbare aksies te omskep wat ook nuttig is vir meeste eierlede. Ek vermoed ons het 'n paar moeilike maande wat aan die eierfront voorlê.

Media en vergaderings van die bestuurskomitee

By die vergadering van die Media Verhoudingskomitee is daar ooreengekom dat 'n nuwe model om die bulletin te bestuur dié jaar in gebruik geneem word. Die huidige redakteur is nou 'n besturende redakteur en verantwoordelik vir alle aspekte van die winsgewendheid van die bulletin. Advertensieverkope val nou onder die besturende redakteur en nie meer onder die SAPV nie. Die idee is om SAPV-werknemers meer tyd te gee om beter te kan fokus op wat lede nodig het. Die bulletin het ook nuwe direkteure, Justice Zotwa, Roelof Viljoen en Robin Barnsley. Ons dank aan dr Naude Rossouw, Jake Mokwene en Chris Coombes vir hul bydraes as direkteure. Die verandering in direkteure weerspieël die nuwe struktuur van die bestuurskomitee wat dit makliker maak vir al die direkteure om vergaderings by te woon wat voor die Bestuurskomitee-vergadering gehou word.

Die vergadering van die Bestuurskomitee het rondom 'n paar belangrike befondsingsake gehandel. Ons is by 'n kruispad in terme van die werk wat ons names lede kan aanpak. Alle lede, veral die in die onderskeie komitees, moet hulle prioriteite duidelik omskryf en aan befondsing-verpligtinge koppel. Ons het ooreengekom om van die SAPV se reserwes te gebruik om die las vir ons lede ligter te maak. Dié roete is beperk, want die SAPV het nie baie reserwes nie.

Die Bestuurskomitee het ook die beplande veranderinge in ons statistiese dienste beraadslaag. Ons gaan die dienste van Magda Prinsloo, ons statistieke konsultant verloor, want sy beweeg aan na ander belange. 'n Gedeelte van haar maatskappy, Silverpath, sal voortgaan om dienste aan die SAPV te lewer. Dr Shelley Johnston gaan ook bykomende dienste lewer en sy het reeds van die werk by Gert Strydom oorgeneem.

Die Bestuurskomitee het die belastingmening wat deur ons ouditeure opgestel is bespreek. Ons het intussen 'n brief oor belastingaftrekbaarheid van ledegeld aan ons lede gestuur. Laat ons asseblief weet as julle dit nie ontvang het nie, want dit beskryf voordele vir alle lede.

Ons het 'n vermindering in ons kantoorhuur onderhandel en sal ook die ongebruikte ruimte onderverhuur. Dit laat ons toe om in die huidige kantore te bly en ons hoef dan ook nie bykomende verhuisingkoste te betaal nie.

Algemeen

Die SAPV het 'n strategiese vergadering van die AgriSA bedryfskamer bygewoon. Ons basiese uitgangspunt is dat Suid-Afrika 'n verenigde kommoditeitshuis moet hê wat buite AgriSA moet wees sodat dit apolities kan bly. Dit wil voorkom asof ons nie die enigste kommoditeitsliggaam met soortgelyke sienings is nie en 'n opvolgvergadering word vir vroeg vanjaar beplan. Dit is nie bedoel om die werk wat AgriSA doen swart te smeer nie, maar dit weerspieël net ons huidige sosio-politieke dinamika. Ons sal lede op hoogte hou van ontwikkelings.

Die tweede gedeelte van die jaarlikse Pluimvee werkgroepvergaderings is gehou sedert my vorige skrywe en meer inligting daarvoor is in Christopher Mason se brief.

Ons het 'n bietjie vordering gemaak om toestemming te kry om teeldiere van AI-beperkte lande in te voer, maar al die kwessies is nog nie opgelos nie. Dankie aan Charlotte vir die goeie werk wat sy gedoen het. Sodra normale handelsverhoudings hervat word, sal ons 'n 'vredesberaad' met talingmaatskappye moet hou om te verseker dat toekomstige uitbreek van voëlgriep nie so skadelik vir die plaaslike bedryf is nie.

Met beste wense vir 2015

Kevin Lovell

Hoof Uitvoerende Beampte